// OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

R0,60 — Saturday 15 June 1985 — WINDHOEK — Saterdag 15 Junie 1985 — No. 5060

CONTENTS:

Page

**PROCLAMATIONS**

No. AG. 30 Amendment of the promotion of the Density of Population in Designated Areas Act, 1979 (Act 18 of 1979) — 1

No. AG. 31 The acquisition of shares in Rössing Uranium Limited and the appointment of a director — 3

No. AG. 32 Amendment of the Executive Powers (Justice) Transfer Proclamation, 1979, provision for matters connected therewith, and amendment of the Deeds Registries Act, 1937 — 4

No. AG. 33 Amendment of the Road Transportation Act, 1977 — 8

INHOUD:

Bladsy

**PROKLAMASIES**

Nr. AG. 30 Wysiging van die Wet op die Bevordering van Bevolkingsdigtheid in Aangewese Gebiede, 1979 (Wet 18 van 1979) — 1

Nr. AG. 31 Die verkryging van aandele in Rössing Uraan Beperk en die aanstelling van 'n direkteur — 3

Nr. AG. 32 Wysiging van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Justisie), 1979 voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, en wysiging van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 — 4

Nr. AG. 33 Wysiging van die Wet op Padvervoer, 1977 — 8

# PROCLAMATIONS

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 12 June 1985)*

No. AG. 30 — 1985

## AMENDMENT OF THE PROMOTION OF THE DENSITY OF POPULATION IN DESIGNATED AREAS ACT, 1979 (ACT 18 OF 1979)

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator General — Windhoek, 13 June 1985

# PROKLAMASIES

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 12 Junie 1985)*

Nr. AG. 30 — 1985

## WYSIGING VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN BEVOLKINGSDIGTHEID IN AANGEWESE GEBIEDE, 1979 (WET 18 VAN 1979)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur generaal — Windhoek, 13 Junie 1985

SCHEDULE

*Insertion of section 2A in Act 18 of 1979*

1. The following section is hereby inserted in the Promotion of the Density of Population in Designated Areas Act, 1979 (hereinafter referred to as the Act), after section 2:

"Application of Act.

2A. The provisions of sections 3, 4 and 4A shall not be applied in relation to any person other than a person approved by the Administrator-General for the purposes of this Act on application by such person in such form and manner as the Administrator-General may determine.".

*Insertion of section 4A in Act 18 of 1979*

2. (1) The following section is hereby inserted in the Act after section 4:

"Payment of subsidies and making of grants.

4A. The Administrator-General may, out of moneys appropriated for the purpose, and on such conditions as may be determined by the Administrator-General -

(a) pay to any person who carries on farming operations in any designated area on a full-time basis, subsidies in respect of expenditure incurred by such person in connection with any matter which, in the opinion of the Administrator-General, is related to the promotion of the density of population in the area concerned; or

(b) make grants to any such person in order to enable such person to perform any act with a view to achieving any object of this Act.

(2) Any application for any subsidy or grant referred to in subsection (1) shall be addressed in writing to the Secretary for Agriculture and Nature Conservation in such form and manner as the said Secretary may determine.".

BYLAE

*Invoeging van artikel 2A in Wet 18 van 1979*

1. Die volgende artikel word hierby in die Wet op die Bevordering van Bevolkingsdigtheid in Aangewese Gebiede, 1979 (hieronder die Wet genoem), na artikel 2 ingevoeg:

"Toepassing van Wet.

2A. Die bepalings van artikels 3, 4 en 4A word nie toegepas met betrekking tot 'n ander persoon as 'n persoon wat deur die Administrateur-generaal, op aansoek van die persoon in 'n vorm en op 'n wyse deur die Administrateur-generaal bepaal, vir doeleindes van hierdie Wet goedgekeur is nie.".

*Invoeging van artikel 4A in Wet 18 van 1979*

2. (1) Die volgende artikel word hierby in die Wet na artikel 4 ingevoeg:

"Betaling van subsidies en doen van toekennings

4A. (1) Die Administrateur-generaal kan, uit geld wat vir die doel bewillig is, en op die voorwaardes wat die Administrateur-generaal bepaal -

(a) aan iemand wat op 'n heeltydse grondslag boerderybedrywighede in 'n aangewese gebied beoefen subsidies betaal ten opsigte van uitgawes deur so iemand aangegaan in verband met 'n aangeleentheid wat na die oordeel van die Administrateur-generaal met die bevordering van die bevolkingsdigtheid in die betrokke gebied verband hou; of

(b) aan so iemand toekennings doen ten einde so iemand in staat te stel om 'n handeling ter verwesenliking van 'n oogmerk van hierdie Wet te verrig.

(2) 'n Aansoek om 'n subsidie of toekenning in subartikel (1) bedoel, moet skriftelik aan die Sekretaris van Landbou en Natuurbewaring gerig word in die vorm en op die wyse deur genoemde Sekretaris bepaal.".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 January 1980.

*Short title*

3. This Proclamation shall be called the Promotion of the Density of Population in Designated Areas Amendment Proclamation, 1985.

---

*(Approved by the State President on 11 June 1985)*

No. AG. 31 1985

THE ACQUISITION OF SHARES IN RÖSSING URANIUM LIMITED AND THE APPOINTMENT OF A DIRECTOR

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 13 June 1985

SCHEDULE

*Definitions*

1. In this Proclamation, unless the context indicates otherwise

(i) "board" means the board of directors of Rössing Uranium Limited; (iv)

(ii) "company" means the company Rössing Uranium Limited; (ii)

(iii) "Central Revenue Fund" means the Central Revenue Fund established by section 3 of the Exchequer and Audit Proclamation, 1979 (Proclamation 85 of 1979); (iii)

(iv) "territory" means the territory of South West Africa. (i)

*Shares and dividends*

2. (1) The Administrator-General may acquire shares in the company as and when he may deem it necessary and such shares shall be paid for out of moneys appropriated by him for that purpose.

(2) The Administrator-General may enter into agreements for the purpose of directly or indirectly extending the interests of the State in the company.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Januarie 1980 in werking te getree het.

*Kort titel*

3. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op die Bevordering van Bevolkingsdigtheid in Aangewese Gebiede, 1985.

---

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 11 Junie 1985)*

Nr. AG. 31 1985

DIE VERKRYGING VAN AANDELE IN RÖSSING URAAN BEPERK EN DIE AANSTELLING VAN 'N DIREKTEUR

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 13 Junie 1985

BYLAE

*Woordomskrywings*

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

(i) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (iv)

(ii) "maatskappy" die maatskappy Rössing Uraan Beperk; (ii)

(iii) "Sentrale Inkomstefonds" die Sentrale Inkomstefonds ingestel by artikel 3 van die Skatkis- en Ouditproklamasie, 1979 (Proklamasie 85 van 1979); (iii)

(iv) "raad" die raad van direkteure van Rössing Uraan Beperk. (i)

*Aandele en dividende*

2. (1) Die Administrateur-generaal kan aandele in die maatskappy verkry na gelang hy dit nodig ag en daarvoor word betaal uit gelde wat hy vir dié doel bewillig het.

(2) Die Administrateur-generaal kan ooreenkomste aangaan met die doel om regstreeks of onregstreeks die belange van die Staat in die maatskappy uit te brei.

(3) Any dividends which may accrue to the Administrator-General, as shareholder of the company, shall be deposited in the Central Revenue Fund.

*Appointment of Director*

3. (1) The Administrator-General shall, as soon as he becomes entitled thereto in terms of the memorandum of association or articles of the company, or any shareholders' agreement or other document appoint a director to the board for the period determined by him.

(2) The director shall act as a representative of the Administrator-General and in the best interests of the territory.

(3) The director shall exercise his vote as determined in the articles of the company or any shareholders' agreement.

(4) The Administrator-General shall appoint the director for his ability in relation to, and his experience of, business.

*Alternate director*

4. The Adminstrator-General may appoint an alternate director to perform the duties of the director during his absence or his inability to hold office.

*Short title and commencement*

5. This Proclamation shall be called the Acquisition of Shares in Rössing Uranium Limited Proclamation, 1985, and shall be deemed to have come into operation on 1 March 1985.

*(Approved by the State President on 7 June 1985)*

No. AG. 32 1985

AMENDMENT OF THE EXECUTIVE POWERS (JUSTICE) TRANSFER PROCLAMATION, 1979, PROVISION FOR MATTERS CONNECTED THEREWITH, AND AMENDMENT OF THE DEEDS REGISTRIES ACT, 1937

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

W.A. VAN NIEKERK

Administrator-General Windhoek, 13 June 1985

(3) Enige dividende wat die Administrateur-generaal, as aandeelhouer van die maatskappy, toeval, word in die Sentrale Inkomstefonds gestort.

*Aanstelling van Direkteur*

3. (1) Die Administrateur-generaal stel, sodra hy ingevolge die akte van oprigting of statute van die maatskappy, of 'n aandeelhouersooreenkoms of ander dokument, daarop geregtig word, 'n direkteur op die raad aan vir die tydperk wat hy bepaal.

(2) Die direkteur tree op as verteenwoordiger van die Administrateur-generaal en in die beste belang van die gebied.

(3) Die direkteur oefen sy stemreg uit soos bepaal in die statute van die maatskappy of enige aandeelhouersooreenkoms.

(4) Die Administrateur-generaal stel die direkteur aan op grond van sy bekwaamheid ten opsigte van en sy ondervinding in sake doen.

*Plaasvervangende direkteur*

4. Die Administrateur-generaal kan 'n plaasvervangende direkteur aanstel wat die pligte van die direkteur kan verrig gedurende sy afwesigheid of sy onvermoë om sy pos te beklee.

*Kort titel en inwerkingtreding*

5. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Verkryging van Aandele in Rössing Uraan Beperk, 1985, en word geag op 1 Maart 1985 in werking te getree het.

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 7 Junie 1985)*

Nr. AG. 32 1985

WYSIGING VAN DIE PROKLAMASIE OP DIE OORDRAG VAN UITVOERENDE GESAG (JUSTISIE), 1979, VOORSIENING VIR AANGELEENTHEDE WAT DAARMEE IN VERBAND STAAN, EN WYSIGING VAN DIE REGISTRASIE VAN AKTES WET, 1937

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

W.A. VAN NIEKERK

Administrateur-generaal Windhoek, 28 Januarie 1985

## SCHEDULE

*Amendment of section 3 of Proclamation AG. 33 of 1979, as amended by section 1 of Proclamation AG. 24 of 1983*

1. (1) Section 3 of the Executive Powers (Justice) Transfer Proclamation 1979, is hereby amended by the substitution in paragraph (b) of subsection (1) for the words "sections 2 and" of the word "section" and the insertion after the word "Republic" of the words "or the State".

(2) In the application of the provisions of the Executive Powers Transfer (General Provisions) Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 7 of 1977) (hereinafter referred to as the General Proclamation) in respect of sections 2, 9, 45, 45*bis*, 48 and 102 of the Deeds Registries Act, 1937 (Act 47 of 1937), this Proclamation shall be deemed to be a transfer proclamation as defined in section 1 of the General Proclamation, and the reference in section 5 of the General Proclamation to a law referred to in section 2 of that Proclamation, shall be construed as a reference to sections 2, 9, 45, 45*bis*, 48 and 102 of the said Deeds Registries Act, 1937.

*Substitution of section 2 of Act 47 of 1937*

2. The following section is hereby substituted for section 2 of the Deeds Registries Act, 1937:

"Appointment of registrar and deputy registrar of deeds

2. (1) The Administrator-General shall, subject to the provisions of the Government Service Act, 1980 (Act 2 of 1980), appoint a person as registrar of deeds who -

(a) shall be the chairman and executive officer of the deeds registries regulation board mentioned in section 9; and

(b) shall be in charge of the deeds registry,

and who shall have the power, subject to the regulations, to do any act or thing which may lawfully be done under this Act or any other law by the registrar of deeds.

## BYLAE

*Wysiging van artikel 3 van Proklamasie AG. 33 van 1979, soos gewysig deur artikel 1 van Proklamasie AG. 24 van 1983*

1. (1) Artikel 3 van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Justisie), 1979, word hierby gewysig deur in paragraaf (b) van subartikel (1) die woorde "artikels 2 en" deur die woord "artikel" te vervang en die woorde "of die Staat" na die woord "Republiek" in te voeg.

(2) By die toepassing van die bepalings van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie AG. 7 van 1977) (hieronder die Algemene Proklamasie genoem), ten opsigte van artikels 2, 9, 45, 45*bis*, 48 en 102 van die Registrasie man Aktes Wet, 1937 (Wet 47 van 1937), word hierdie Proklamasie geag 'n oordragproklamasie, soos in artikel 1 van die Algemene Proklamasie omskryf, te wees, en word die verwysing in artikel 5 van die Algemene Proklamasie na 'n wet in artikel 2 van daardie Proklamasie bedoel, uitgelê as 'n verwysing na artikels 2, 9, 45, 45*bis*, 48 en 102 van genoemde Registrasie van Aktes Wet, 1937.

*Vervanging van artikel 2 van Wet 47 van 1937*

2. Artikel 2 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Aanstelling van registrateur en adjunk-registrateur van aktes.

2. (1) Die Administrateur-generaal stel, behoudens die bepalings van die Regeringsdienswet, 1980 (Wet 2 van 1980), 'n persoon as registrateur van aktes aan wat -

(a) die voorsitter en uitvoerende beampte van die registrasieregulasieraad vermeld in artikel 9 is; en

(b) aan die hoof staan van die registrasiekantoor,

en wat bevoeg is om, met inagneming van die regulasies, enige handeling of ding te verrig wat kragtens hierdie Wet of 'n ander wetsbepaling wettig verrig kan word deur die registrateur van aktes.

(2) The Administrator-General may, subject to the provisions of the Government Service Act, 1980 (Act 2 of 1980), appoint one or more deputy registrars of deeds, who may, subject to the control and directions of the registrar of deeds referred to in subsection (1), do anything which may lawfully be done by the registrar of deeds.

(3) Whenever it becomes, in the opinion of the Administrator-General, necessary that an acting registrar of deeds be appointed, the Administrator-General may appoint any deputy registrar referred to in subsection (2) or any other competent officer in the government service contemplated in section 2 of the said Government Srvice Act to act as registrar of deeds for the period for which such appointment may be necessary.

(4) The Administrator-General may delegate any power conferred on him by this section, to the Secretary for Justice.

(5) Every registrar or deputy registrar appointed under, or referred to in, this section shall hereinafter be referred to as the registrar.

(6) The registrar of deeds shall have a seal of office which shall be affixed to all deeds executed or attested by him and to all copies of deeds issued by him to serve in lieu of the original deeds.".

(2) Die Administrateur-generaal kan, behoudens die bepalings van die Regeringsdienswet, 1980 (Wet 2 van 1980), een of meer adjunk-registrateurs van aktes aanstel wat onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die in subartikel (1) bedoelde registrateur van aktes enigiets kan doen wat sodanige registrateur van aktes wettiglik kan doen.

(3) Wanneer dit na die mening van die Administrateur-generaal nodig word dat 'n waarnemende registrateur van aktes aangestel word, kan die Administrateur-generaal 'n in subartikel (2) bedoelde adjunk-registrateur van aktes of 'n ander bevoegde beampte in die regeringsdiens in artikel 2 van genoemde Regeringsdienswet beoog, aanstel om as registrateur van aktes waar te neem vir die tydperk waarvoor so 'n aanstelling nodig is.

(4) Die Administrateur-generaal kan 'n bevoegdheid wat by hierdie artikel aan hom verleen word aan die Sekretaris van Justisie delegeer.

(5) Elke kragtens hierdie artikel aangestelde of daarin vermelde registrateur of adjunk-registrateur word hieronder die registrateur genoem.

(6) Die registrateur van aktes het 'n ampseël wat geheg moet word aan alle deur hom ondertekende of geattesteerde aktes en aan alle deur hom uitgereikte kopieë van aktes wat bestem is om die oorspronklike akte te vervang.".

*Amendment of section 9 of Act 47 of 1937, as substituted by section 9 of Act 57 of 1975*

3. Section 9 of the Deeds Registries Act, 1937, is hereby amended -

(a) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The board shall consist of the registrar of deeds, as chairman and executive officer, and four other members appointed by the Administrator-General, of whom -

*Wysiging van artikel 9 van Wet 47 van 1937, soos vervang deur artikel 9 van Wet 57 van 1975.*

3. Artikel 9 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby gewysig -

(a) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die raad bestaan uit die registrateur van aktes, as voorsitter en uitvoerende beampte, en vier ander lede deur die Administrateur-generaal aangestel, van wie -

(a) one shall be a deputy registrar of deeds or, if there is no deputy registrar, the most senior officer on the staff of the registrar;

(b) one shall be an officer in the head office of the Department of Justice of the territory; and

(c) two shall be conveyancers nominated by the Council of the Law Society of South West Africa."; and

**(b) by the deletion of subsection (10).**

*Amendment of section 45 of Act 47 of 1937, as amended by section 20 of Act 43 of 1957 and section 19 of Act 43 of 1962*

4. Section 45 of the Deeds Registries Act, 1937, is hereby amended by the insertion in subsection (5) after the word "Africa" of the words ", the Land and Agricultural Bank of South West Africa".

*Amendment of section 45*bis *of Act 47 of 1937, as inserted by section 21 of Act 43 of 1957 and amended by section 20 of Act 43 of 1962*

5. Section 45*bis* of the Deeds Registries Act, 1937, is hereby amended by the insertion in subsection (3) after the word "Africa" of the words ", the Land and Agricultural Bank of South West Africa".

*Amendment of section 48 of Act 47 of 1937, as amended by section 6 of Act 61 of 1969*

6. Section 48 of the Deeds Registries Act, 1937, is hereby amended by the insertion in subsection (2) after the word "Africa" of the words ", the Land and Agricultural Bank of South West Africa".

*Amendment of section 102 of Act 47 of 1937, as amended by section 12 of Act 3 of 1972*

7. Section 102 of the Deeds Registries Act, 1937, is hereby amended by the substitution for the definition of "State" of the following definition:

"'State' includes the Government of the territory, the Administrator-General or a representative authority contemplated in the Representative Authorities Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 8 of 1980);".

(a) een 'n adjunk-registrateur van aktes moet wees of, indien daar geen adjunk-registrateur is nie, die mees senior beampte op die personeel van die registrateur;

(b) een 'n beampte in die hoofkantoor van die Departement van Justisie van die gebied moet wees; en

(c) twee transportbesorgers moet wees wat deur die Raad van die Prokureursorde van Suidwes-Afrika benoem is."; en

(b) deur subartikel (10) te skrap.

*Wysiging van artikel 45 van Wet 47 van 1937, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 43 van 1957 en artikel 19 van Wet 43 van 1962*

4. Artikel 45 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby gewysig deur in subartikel (5) na die woord "Suid-Afrika" die woorde ", die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika" in te voeg.

*Wysiging van artikel 45*bis *van Wet 47 van 1937, soos ingevoeg deur artikel 21 van Wet 43 van 1957 en gewysig deur artikel 20 van Wet 43 van 1962*

5. Artikel 45*bis* van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby gewysig deur in subartikel (3) na die woord "Suid-Afrika" die woorde", die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika" in te voeg.

*Wysiging van artikel 48 van Wet 47 van 1937, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 61 van 1969*

6. Artikel 48 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby gewysig deur in subartikel (2) na die woord "Suid-Afrika" die woorde ", die Land- en Landboubank van Suidwes-Afrika" in te voeg.

*Wysiging van artikel 102 van Wet 47 van 1937, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 3 van 1972*

7. Artikel 102 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, word hierby gewysig deur die omskrywing van "Staat" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'Staat' beteken ook die Goewerment van die gebied, die Administrateur-generaal of 'n verteenwoordigende owerheid beoog in die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG. 8 van 1980);".

*Short title and commencement*

8. This Proclamation shall be called the Executive Powers (Justice) Transfer Amendment Proclamation, 1985, and shall be deemed to have come into operation on 1 June 1984.

*(Approved by the State President on 7 June 1985)*

No. AG. 33 1985

AMENDMENT OF THE ROAD TRANSPORTATION ACT, 1977

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

W.A.. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 13 June 1985

SCHEDULE

*Amendment of section 1 of Act 74 of 1977, as amended by section 1 of Act 29 of 1980, section 1 of Act 18 of 1981 and section 1 of Act 16 of 1982*

1. Section 1 of the Road Transportation Act 1977 (hereinafter referred to as the Act), is hereby amended -

(a) by the substitution in subsection (1) for the definition of "authorized officer" of the following definition:

" "authorized officer" means an inspector, any member of the South West African Police, any member of the South African Police serving as such a member in the Territory, any member of the South African Railways Police Force in respect of any place whether within or beyond the limits of the railways as defined in section 1 of the South African Transport Services Act, 1982 (Act 65 of 1981), or of the harbours as defined in the said section, or any person in the service of a local authority whose duty it is to inspect motor vehicles or licences for motor vehicles or to control traffic;";

(b) by the deletion in subsection (1) of the definition of "hired motor vehicle";

(c) by the substitution in subsection (1) for paragraph (c) of the definition of "road transportation" of the following paragraph:

*Kort titel en inwerkingtreding*

8. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Justisie), 1985, en word geag op 1 Junie 1984 in werking te getree het.

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 7 Junie 1985)*

Nr. AG. 33 1985

WYSIGING VAN DIE WET OP PADVERVOER, 1977

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 13 Junie 1985

BYLAE

*Wysiging van artikel 1 van Wet 74 van 1977, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 29 van 1980, artikel 1 van Wet 18 van 1981 en artikel 1 van Wet 16 van 1982*

1. Artikel 1 van die Wet op Padvervoer, 1977 (hieronder die Wet genoem) word hierby gewysig -

(a) deur in subartikel (1) die omskrywing van "gehuurde motorvoertuig" te skrap;

(b) deur in subartikel (1) die omskrywing van "gemagtigde amptenaar" deur die volgende omskrywing te vervang:

" "gemagtigde amptenaar" 'n inspekteur, 'n lid van die Suidwes-Afrikaanse Polisie, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie wat as sodanige lid in die Gebied diens doen, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Spoorwegpolisiemag ten opsigte van enige plek hetsy binne of buite die grense van die spoorweë soos omskryf in artikel 1 van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981 (Wet 65 van 1981), of van die hawens soos in genoemde artikel omskryf, of 'n persoon in diens van 'n plaaslike bestuur wie se plig dit is om motorvoertuie of lisensies vir motorvoertuie te inspekteer of om verkeer te reël;";

(c) deur in subartikel (1) paragraaf (c) van die omskrywing van "padvervoer" deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) the conveyance of persons on a public road by means of a hired bus;";

(d) by the substitution for paragraph (1) of subsection (2) of the following paragraph:

"(1) the conveyance of goods by means of a goods vehicle of which the carrying capacity does not exceed one thousand kilograms under authority of a public permit which was issued by the commission under this paragraph after the commencement of the Road Transportation Amendment Act, 1981 (Act 18 of 1981): Provided that such a public permit shall be carried by the holder thereof on the goods vehicle concerned and produced on demand to any authorized officer, that it may not be renewed, amended or transferred from one person to another person and that the validity thereof shall expire on 31 December 1985;";

(e) by the substitution for paragraph (1)*bis* of subsection (2) of the following paragraph:

"(1)*bis* the conveyance by any person (except a carrier) who carries on any industry trade or business, of his own goods in the course of such industry, trade or business or of goods which he has undertaken to maintain, clean, renovate, repair or alter for any other person in the course of such industry, trade or business by means of a goods vehicle (except a trailer) of which the gross vehicle mass does not exceed two thousand five hundred kilograms;";

(f) by the insertion in subsection (2) after paragraph (1)*bis* of the following paragraph:

"(1)*ter* the conveyance by means of a goods vehicle (except a trailer) of which the gross vehicle mass does not exceed two thousand five hundred kilograms by a carrier of his own spare parts and his own tools required for the repair of his own vehicles, and of his own defective spare parts to a workshop for the repair thereof;";

(g) by the substitution for paragraph (n) of subsection (2) of the following paragraph:

"(c) die vervoer van persone op 'n openbare pad deur middel van 'n gehuurde bus;";

(d) deur paragraaf (1) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(1) die vervoer van goedere deur middel van 'n vragvoertuig waarvan die draagvermoë nie duisend kilogram oorskry nie uit hoofde van 'n openbare permit wat deur die kommissie uitgereik is kragtens hierdie paragraaf na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Padvervoer, 1981 (Wet 18 van 1981): Met dien verstande dat so 'n openbare permit deur die houer daarvan op die betrokke vragvoertuig gehou en op aanvraag aan 'n gemagtigde amptenaar getoon moet word, dat dit nie hernieu, gewysig of oorgedra mag word van een persoon na 'n ander persoon nie, en dat die geldigheidsduur daarvan op 31 Desember 1985 verstryk;";

(e) deur paragraaf (1)*bis* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(1)*bis* die vervoer deur iemand (uitgesonderd 'n karweier) wat 'n bedryf uitoefen of handel of besigheid dryf, van sy eie goedere in die loop van daardie bedryf, handel of besigheid of van goedere wat hy onderneem om in die loop van daardie bedryf, handel of besigheid vir iemand anders in stand te hou, skoon te maak, op te knap, te herstel of te verander deur middel van 'n vragvoertuig (uitgesonderd 'n sleepwa) waarvan die brutovoertuigmassa nie tweeduisend vyfhonderd kilogram oorskry nie;";

(f) deur in subartikel (2) na paragraaf (1)*bis* die volgende paragraaf in te voeg:

"(1)*ter* die vervoer deur middel van 'n vragvoertuig (uitgesonderd 'n sleepwa) waarvan die brutovoertuigmassa nie tweeduisend vyfhonderd kilogram oorskry nie deur 'n karweier van sy eie onderdele en sy eie gereedskap benodig vir die herstel van sy eie voertuie, en van sy eie defekte onderdele na 'n werkswinkel vir die herstel daarvan;";

(g) deur paragraaf (n) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(n) the conveyance on school days of school children and teachers to or from the school which they attend, as well as the conveyance of school children and teachers for the purpose of sports or recreation or on holiday, sightseeing or educational tours by means of a bus of which such school is the sole owner or which, in terms of an agreement is set apart for the use of that school;";

(h) by the insertion in subsection (2) after paragraph (n) of the following paragraph;

"(n)*bis* the conveyance by a university, technikon, technical college, teachers' training college or other tertiary educational institution (hereinafter referred to as an educational institution) of its own students and staff for educational, cultural or sport purposes by means of a motor-car or a bus of which that educational institution is the owner or by means of a bus which in terms of an agreement is set apart for the use of that educational institution: Provided that in the case of such conveyance by means of a bus employed in terms of an agreement, a document shall be carried in that bus in which an official of the educational institution concerned who has been authorized thereto, confirms that the passengers on such bus are enrolled students of, or staff attached to, that educational institution;";

(i) by the substitution for paragraph (w) of subsection (2) in the Afrikaans text of the following paragraph:

"(w) die vervoer op die by regulasie voorgeskrewe wyse en voorwaardes van goedere alleenlik binne die grense van 'n vrygestelde gebied deur middel van 'n motorvoertuig wat in daardie vrygestelde gebied geregistreer is kragtens die wet op die registrasie van motorvoertuie wat in daardie gebied geld, mits sodanige motorvoertuig op die by regulasie voorgeskrewe wyse geïdentifiseer is;"; and

(j) by the substitution for paragraph (y) of subsection (2) of the following paragraph:

"(n) die vervoer op skooldae van skoolkinders en onderwysers na of van die skool wat hulle bywoon, asook die vervoer deur middel van 'n bus waarvan daardie skool die enigste eienaar is of wat kragtens ooreenkoms vir gebruik deur daardie skool bestem is, van skoolkinders en onderwysers vir die doel van sport of ontspanning of op vakansiereise, besigtigings- of opvoedkundige toere;";

(h) deur in subartikel (2) na paragraaf (n) die volgende paragraaf in te voeg:

"(n)*bis* die vervoer deur 'n universiteit, technikon, tegniese kollege, onderwyskollege of ander tersiêre opvoedkundige inrigting (hieronder 'n opvoedkundige inrigting genoem) van sy eie studente en personeel vir opvoedkundige, kulturele en sportdoeleindes deur middel van 'n motor of 'n bus waarvan daardie opvoedkundige inrigting die eienaar is of deur middel van 'n bus wat kragtens ooreenkoms vir gebruik deur daardie opvoedkundige inrigting bestem is: Met dien verstande dat in die geval van sodanige vervoer deur middel van 'n bus wat kragtens ooreenkoms gebruik word, 'n geskrif in die bus gehou word waarin 'n beampte van die betrokke opvoedkundige inrigting wat daartoe gemagtig is, bevestig dat die passasiers op daardie bus ingeskrewe studente van, of personeel verbonde aan, dié opvoedkundige inrigting is;";

(i) deur paragraaf (w) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(w) die vervoer op die by regulasie voorgeskrewe wyse en voorwaardes van goedere alleenlik binne die grense van 'n vrygestelde gebied deur middel van 'n motorvoertuig wat in daardie vrygestelde gebied geregistreer is kragtens die wet op die registrasie van motorvoertuie wat in daardie gebied geld, mits sodanige motorvoertuig op die by regulasie voorgeskrewe wyse geïdentifiseer is;"; en

(j) deur paragraaf (y) van 'n subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(y) the conveyance by a person who carries on any industry or trade or business, in the course of that industry or trade or business, within an area with a radius of 80 kilometres from any place where he actively carries on such industry, trade or business, of his own goods or of goods which he has undertaken to maintain, clean, renovate, repair or alter for any other person in the course of such industry, trade or business from any place within that area to any destination of those goods within that area or to any railway station within that area, by means of a motor vehicle of which such person is the owner, which is registered within the area concerned under the law governing the registration of motor vehicles in force in that area and which is identified in the manner prescribed by regulation, provided that, in the case where the said person carries on his industry, trade or business at more than one place, the place from where the goods concerned are being conveyed and the said destination or railway station are not situated in any other such area;".

*Amendment of section 2 of Act 74 of 1977*

2. Section 2 of the Act is hereby amended by the insertion after paragraph (g) of the following paragraph:

"(g)*bis* prohibit the conveyance of goods which are loaded on any goods vehicle in a specified manner from a specified date, notwithstanding anything to the contrary contained in any permit which was issued in terms of this Act: Provided that no prohibition under this paragraph shall come into operation earlier than twenty-one days after the publication of the relevant notice in the *Official Gazette;*".

*Amendment of section 4 of Act 74 of 1977, as amended by section 3 of Act 16 of 1982*

3. Section 4 of the Act is hereby amended -

(a) by the deletion of subsection (3); and

(b) by the substitution for subsection (7)*bis* of the following subsection:

"(y) die vervoer deur 'n persoon wat 'n bedryf uitoefen of handel of besigheid dryf, in die loop van daardie bedryf of handel of besigheid, binne 'n gebied met 'n straal van 80 kilometer vanaf enige plek waar hy die bedryf, handel of besigheid daadwerklik uitoefen of dryf, van sy eie goedere of van goedere wat hy onderneem het om in die loop van daardie bedryf, handel of besigheid vir iemand anders in stand te hou, skoon te maak, op te knap, te herstel of te verander vanaf 'n plek in daardie gebied na enige eindbestemming van daardie goedere binne daardie gebied of na enige spoorwegstasie binne daardie gebied deur middel van 'n motorvoertuig waarvan sodanige persoon die eienaar is, wat in daardie gebied geregistreer is kragtens die wet op die registrasie van motorvoertuie wat in daardie gebied geld en wat op die by regulasie voorgeskrewe wyse geïdentifiseer is, mits, in die geval waar genoemde persoon sy bedryf, handel of besigheid op meer as een plek uitoefen of dryf, die plek vanwaar die betrokke goedere vervoer word en genoemde eindbestemming of spoorwegstasie nie in enige ander sodanige gebied geleë is nie;".

*Wysiging van artikel 2 van Wet 74 van 1977*

2. Artikel 2 van die Wet word hierby gewysig deur na paragraaf (g) die volgende paragraaf in te voeg:

"(g)*bis* vanaf 'n vermelde datum die vervoer van goedere wat op 'n vermelde wyse op 'n vragvoertuig gelaai is, verbied ondanks andersluidende bepalings van 'n permit wat kragtens hierdie Wet uitgereik is: Met dien verstande dat geen verbod kragtens hierdie paragraaf vroeër in werking tree nie as een-en-twintig dae na die afkondiging van die betrokke kennisgewing in die *Offisiële Koerant;*".

*Wysiging van artikel 4 van Wet 74 van 1977, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 16 van 1982*

3. Artikel 4 van die Wet word hierby gewysig -

(a) deur subartikel (3) te skrap; en

(b) deur subartikel (7)*bis* deur die volgende subartikel te vervang:

" (7)*bis* Whenever a member of a board has recused himself in any particular matter, the Administrator-General may appoint any person whom he considers suitable to act with regard to that particular matter in place of such member, and any such appointment shall, in the case of a person who is not in the service of a department established under section 3 of the Government Service Act, 1980 (Act 2 of 1980), be subject to such conditions as to remuneration and otherwise, as the Administrator-General may determine.".

*Amendment of section 6 of Act 74 of 1977*

4. Section 6 of the Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

" (2) The decision of any two members of a board present at any meeting thereof, shall constitute a decision of such board: Provided that -

(a) if at any such meeting one or more members co-opted in terms of section 4(4) participate under that section in any proceedings at that meeting, the decision of the majority of the members of the board present at that meeting, including that or those co-opted member or members, shall constitute the decision of the board in respect of those proceedings; and

(b) in the event of an equality of votes, whether co-opted members participate in the proceedings or not, the person presiding at the meeting shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.".

*Amendment of section 8 of Act 74 of 1977, as amended by section 4 of Act 16 of 1982*

5. Section 8 of the Act is hereby amended -

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) Save as otherwise provided in this Act, any person who -

(a) has applied to a board for the grant, renewal, amendment or transfer of any permit;

(b) is the holder of any permit issued by a board;

" (7)*bis* Wanneer 'n lid van 'n raad hom aan 'n bepaalde aangeleentheid onttrek het, kan die Administrateur-generaal iemand wat hy geskik ag, aanstel om met betrekking tot daardie bepaalde aangeleentheid in die plek van daardie lid op te tree, en so 'n aanstelling is, in die geval van iemand wat nie in diens by 'n departement ingestel kragtens artikel 3 van die Regeringsdienswet, 1980 (Wet 2 van 1980), is nie, onderworpe aan die voorwaardes betreffende besoldiging en andersins wat die Administrateur-generaal bepaal.".

*Wysiging van artikel 6 van Wet 74 van 1977*

4. Artikel 6 van die Wet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel tė vervang:

